# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

# TWEEDE AANVULLENDE SAKELYS vir die NEGENDE SINODE gehou te Pretoria

## 6-11 September 1999

*VERTROULIK!*
*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die sinode oor sake daarin besluit het nie.*

## INHOUDSOPGAWE

### ADDENDUMVERSLAE VAN

2. FINANSIëLE KOMMISSIE (FK) .................................... 294

3. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA) .................................... 320

**NEGENDE SINODE: 6-11 SEPTEMBER 1999**

**AANVULLENDE VERSLAG: FINANSIëLE KOMMISSIE**

**AFDELING A**

Die FK het op 4 Augustus 1999 vergader en die begroting vir 2000 opgestel.

1. **BEGROTING VIR 2000**

1.1 **Voorwoord**

*Die Woord van God sê vir ons: "Ons sal net maai wat ons saai". Geldsake in 'n kerk is 'n baie emosionele terrein, maar dit tref die FK hoe ons lidmate, kerkrade, sinode-afgevaardigdes en leraars, kinders van die Here God kan kla.*

- *Ja, ons praat mekaar moedeloos;*
- *Ons is totaal negatief en raak meer en meer negatief;*
- *Ons mor en kla erger as die Jode in die woestyn;*
- *Ons kla, maar die groter meerderheid van ons ry met nuwe tot redelik nuwe motors;*
- *Bitter min van ons ry in baie ou of lendelam motors.*

*Besef ons dat as ons so mor en kla, die Here Jesus dit moet verduur, want u sê vir Hom dat u gladnie tevrede is met u omstandighede nie – ten spyte van die droogtes, werkloosheid, ens. hoeveel het u om voor dankbaar te wees?*

*Spreuke 2:26*

*"Want aan 'n mens wat welgevallig is voor Sy aangesig, gee Hy wysheid en kennis en vreugde."*

*Die FK vra nou in die heel eerste plek elke leraar om die voortou te neem om sy gemeente te motiveer, planne te maak, aksies te begin en fondse in te samel. Die FK doen 'n beroep op elke leraar, kerkraad en sinodeganger om die gemor oor die 15% oorbetaling aan die Sentrale Kerkkantoor te staak, maar eerder in blymoedigheid ekstra fondse gaan soek.*

*Ons sal ons hande moet uitsteek en vir ons kerk fondse insamel en blymoedig 15% aan die Sentrale Kerkkantoor stuur. In Jeremia 29 sê die Here vir die Israeliete in ballingskap in Babel, "Bou huise, plant tuine, eet daarvan, soek vrede en bid daarvoor tot die Here en Ek sal na julle luister," 'n Baie duidelike opdrag van raak aktief, meelewend, werkend en nie van steek jou hand in jou beursie en wil niks doen nie.*

*Die Sentrale Kerkkantoor voorsien aan u as gemeente kerkstukke, verbondsonderrigmateriaal, leraars, beskerming van leraars, raad en inligting waarsonder u nie kan bestaan en om dit te kan doen is daar geld nodig. As u wil ontvang, moet u ook bereid wees om te gee, nie van geld wat u nie het nie, maar 15% van wat u ontvang.*

1.2 **Ontvangste**

Die FK het besluit om weereens die 15%-bydraes uit gemeentes vir 1998 te neem as basis vir die beraamde ontvangste vir 2000. Volgens 'n verslag van die Rekenmeester het dit R4 798 777-00 beloop.

Die FK oordeel dat begroot word vir ontvangste van R4 800 000-00 vir 2000.

1.3 **Uitgawes**

1.3.1 Die FK het elke kommissie en die BRKA versoek om hulle begrotings **voor** 30 Junie 1999 aan die rekenmeester te besorg. Die rekenmeester moes weereens teen die einde Julie meeste van die kommissies telefonies nader om die begrotings te bekom.

Van die kommissies Kerkleer en Christelike Etiek en Kerksang en –musiek is nie begrotings ontvang nie.

Die FK het elke aanvraag noukeurig deurgewerk en probeer om soveel as moontlik besparings te bewerkstellig.

1.3.2 Die totale aanvraag beloop R5 774 350-00.

Volgens die beskikbare berekende ontvangste van R4 800 000-00 was die aangevraagde bedrag heeltemal onaanvaarbaar. Daarom sal daar drastiese stappe toegepas moet word om die uitgawes aan te pas by die beskikbare verwagte inkomste. Alle betrokkenes se samewerking sal hiervoor nodig wees.

Die FK het uiteindelik die aangevraagde bedrae aangepas, soos in die onderskeie kommissies se begrotings aangedui, en begroot vir 'n tekort op die totale uitgawebegroting vir 2000 van R160 550-00.

## 1.3.3 BRKA: Begroting 2000

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BRKA: BEGROTING 2000

| | BEGROTING 1997 R | WERKLIK 1997 R | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK TOT 30/06/99 R | AANVRAAG 2000 R | BEGROTING 2000 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| UITGAWES | 1 854 000 | 1 973 615 | 2 069 000 | 2 070 286 | 2 012 000 | 961 823 | 2 424 500 | 2 047 500 |
| APK - Trustfonds | - | 60 000 | 60 000 | 60 000 | 60 000 | - | 60 000 | - |
| APK Jeugtuiste - verlies | 24 000 | 70 639 | 24 000 | 83 577 | - | - | - | - |
| Bankkoste | 4 000 | 4 746 | 4 000 | 4 877 | 8 000 | 2 513 | 8 000 | 8 000 |
| Diverse | 5 000 | - | 5 000 | 1 839 | 5 000 | - | 5 000 | 2 000 |
| Groepversekering | 55 000 | 47 684 | 55 000 | 50 217 | 58 000 | 25 029 | 58 000 | 58 000 |
| Huur van toerusting | 20 000 | 22 025 | - | - | 42 000 | 8 515 | 42 000 | 30 000 |
| Instandhouding - geboue/terrein/meubels | 200 000 | 189 869 | 220 000 | 181 633 | 79 000 | 114 821 | 282 000 | 141 000 |
| Mediese bystand afgetrede lede | 50 000 | 59 472 | 90 000 | 103 771 | 90 000 | 53 612 | 118 000 | 130 000 |
| Munisipale koste | 40 000 | 30 483 | 40 000 | 32 430 | 40 000 | 13 694 | 40 000 | 40 000 |
| Oninvorderbare bedrae afgeskryf | - | 62 322 | - | 8 570 | - | 175 | - | - |
| Ouditgelde | 4 000 | 5 000 | 5 000 | 5 000 | 5 000 | 5 500 | 5 500 | 5 500 |
| Posgeld | 15 000 | 14 116 | 20 000 | 18 224 | 25 000 | 7 405 | 25 000 | 20 000 |
| Regskoste | 5 000 | 2 053 | 5 000 | 1 740 | - | 11 364 | 5 000 | 5 000 |
| Reiskoste - administratief | 35 000 | 26 459 | 35 000 | 28 032 | 30 000 | 14 412 | 35 000 | 31 000 |
| Reiskoste & etes - vergaderings | 20 000 | 9 833 | 15 000 | 10 095 | 15 000 | 6 280 | 15 000 | 16 000 |
| Rente betaal | 4 000 | 3 224 | 4 000 | 10 597 | 32 000 | 10 285 | 32 000 | 32 000 |
| Salarisse - administratief | 1 255 000 | 1 220 778 | 1 395 000 | 1 386 170 | 1 425 000 | 648 643 | 1 586 000 | 1 433 000 |
| Koste. Personeelkonsultante | - | 30 894 | - | - | - | 3 216 | - | - |
| Skryfbehoeftes | 50 000 | 38 470 | 40 000 | 34 677 | 40 000 | 12 745 | 50 000 | 40 000 |
| Spaarplan - leraars | 12 000 | 11 462 | - | 656 | 1 000 | 627 | 1 000 | 1 000 |
| Spysenering en verversings | 6 000 | 6 016 | 5 000 | 4 325 | 5 000 | 2 636 | 5 000 | 4 000 |
| Telefoon en faks | 30 000 | 27 973 | 30 000 | 31 016 | 35 000 | 13 321 | 35 000 | 35 000 |
| Verlies met verkoop van bates | - | 14 903 | - | - | - | - | - | - |
| Versekering | 20 000 | 15 194 | 17 000 | 12 840 | 17 000 | 7 030 | 17 000 | 16 000 |
| KAPITAALITEMS | 180 000 | 124 042 | 30 000 | 15 258 | 20 000 | | 25 000 | |
| Meubels en toerusting | 80 000 | 124 042 | 30 000 | 15 258 | 20 000 | | 25 000 | - |
| Verbeterings: geboue | 100 000 | - | - | - | - | - | - | - |
| | 2 034 000 | 2 097 657 | 2 099 000 | 2 085 544 | 2 032 000 | 961 823 | 2 449 500 | 2 047 500 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Instandhouding:** | | | | |
| Salarisse | 123 000 | | 141 000 | 125 000 |
| Verf | - | | 100 000 | - |
| Frankeermasjien | 10 000 | | 10 000 | 10 000 |
| Telefoonstelsel | 6 000 | | 6 000 | 6 000 |
| Verander kantore (klein raadsaal) | - | | 25 000 | - |
| | 139 000 | | 282 000 | 141 000 |
| Min: Beraamde saldo van fonds | 60 000 | | | |
| | 79 000 | | 282 000 | 141 000 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Meubels en toerusting:** | | | | |
| Rekenaar& aflaster (Argief) | 10 000 | | | - |
| Frankeermasjien | 10 000 | | | - |
| 3 lessenaars, 3 stoele & 1 rekenaar | - | | 25 000 | - |
| | 20 000 | | 25 000 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Huur van kopieerder** | 42 000 | | 42 000 | 30 000 |

1.3.3.1 Die aanvraag van die BRKA is verminder met R402 000-00. Daar word nie begroot vir die gebruiklike aanvulling van die APK-Trustfonds uit sinodale fondse nie. Vir instandhouding van geboue, terrein en meubels is net begroot vir salarisse van skoonmakers en instandhoudingspersoneel. Daar word ook nie

begroot vir inflasie-aanpassings ten opsigte van die salarisse van administratiewe personeel nie. Vir kapitale uitgawes soos meubels, toerusting en verbeterings aan geboue is nie begroot nie.

AANBEVELINGS

**13.3.2 Nuwe aanstellings**

**Die sinode/RKA besluit dat geen nuwe aanstellings in die administrasie gemaak sal word nie, maar dat slegs die vakante poste van die administrateur en een by Finansies gevul sal word.**

**Motivering**

1. Dat daar geen ruimte mag bestaan vir enige beredenering waarom 'n pos geskep kan word en regverdiging gevind word om op 'n volgende sinode dit goed te keur.

2. Omrede ons nou al meer ingestel moet raak op uitgawebesnoeiing.

1.3.3.3 **Oortydbetalings**

**Die sinode/RKA besluit dat geen oortydbetalings sal plaasvind nie. Hierdie besluit is met onmiddellike effek, met uitsluiting van die werk voor, gedurende en na 'n sinodesitting, slegs rakende sinodewerk alleen.**

**Motivering**

1. Oortydbetaling is 'n baie ongesonde praktyk, want die produktiwiteit gedurende oortyd is noodwendig laer want dit vind plaas na 'n voldag se werk.

2. Die oortydpraktyk lei gewoonlik ook tot heelwat ander negatiewe sake, soos produktiwiteitsafname gedurende normale werkstyd, besig raak met ander sake gedurende werkstyd ens.

3. Oortyd is baie duurder as gewone tyd.

4. Oor 'n periode van ses jaar het die praktyk bly toeneem, nieteenstaande besware vanaf die FK.

5. Oortyd het in so 'n mate toegeneem dat dit 'n vereiste geword het om dit summier te beëindig; die uitsondering het nou die reël geword.

## 1.3.4 Kuratorium: Begroting 2000

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 4-Aug-99

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**KURATORIUM: BEGROTING 2000**

| | BEGROTING 1997 R | WERKLIK 1997 R | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK TOT 30/06/1999 R | AANVRAAG 2000 R | BEGROTING 2000 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dosentevergoeding | 701 000 | 717 102 | 816 400 | 789 424 | 804 000 | 359 695 | 830 000 | 830 000 |
| Uitbetaling van langverlof | - | - | - | - | 30 000 | | 30 000 | |
| Reiskoste: Dosente | 38 000 | 34 375 | 38 000 | 37 500 | 38 000 | 18 750 | 37 500 | 37 500 |
| Reiskoste: Vergaderings | 30 000 | 25 523 | 25 000 | 24 030 | 25 000 | 15 334 | 25 000 | 22 000 |
| Biblioteekfonds | 10 000 | 10 000 | 7 000 | 7 000 | 7 000 | 3 500 | - | - |
| Willie Lubbe Studiefonds | 256 000 | 256 000 | 200 000 | 200 000 | 200 000 | 100 000 | 230 000 | 200 000 |
| Vergoeding: Admissiedosente | | | | | 50 000 | 24 000 | 50 000 | 50 000 |
| | 1 035 000 | 1 043 000 | 1 086 400 | 1 057 954 | 1 154 000 | 521 279 | 1 202 500 | 1 139 500 |
| ANDER UITGAWES | | | | | | | | |
| Huur van toerusting | | 1 107 | - | - | - | | | |
| Instandhouding: Geboue, terrein, meubels | 53 000 | 45 517 | 40 000 | 51 739 | 30 000 | 40 526 | 94 000 | 78 000 |
| Munisipale koste | 6 000 | 11 965 | 6 000 | 5 055 | 6 000 | 3 643 | 8 000 | 8 000 |
| Rekenaaropleiding | - | 3 600 | - | - | - | | | |
| Salarisse: Administratief | 112 000 | 117 027 | 152 600 | 147 493 | 168 000 | 71 657 | 218 000 | 173 000 |
| Skryfbehoeftes | 11 000 | 2 683 | 5 000 | 4 266 | 5 000 | 889 | 5 000 | 5 000 |
| Telefoon | 11 000 | 11 388 | 9 000 | 12 374 | 12 000 | 7 433 | 15 000 | 15 000 |
| Versekering: Meubels en toerusting | 1 100 | 2 099 | 2 200 | 3 302 | 2 200 | 1 808 | 4 000 | 4 000 |
| Verversings | 1 200 | 760 | 1 200 | 1 032 | 1 200 | 1 200 | 2 000 | 2 000 |
| *Registrasie teologiese Skool | | | | | 12 000 | 10 000 | | |
| TOTALE UITGAWES | 1 230 300 | 1 239 146 | 1 302 400 | 1 283 215 | 1 390 400 | 658 435 | 1 548 500 | 1 424 500 |
| MIN: Klasgelde betaalbaar | | | | | 55 000 | 48 000 | 96 000 | 96 000 |
| Netto koste | 1 230 300 | 1 239 146 | 1 302 400 | 1 283 215 | 1 335 400 | 610 435 | 1 452 500 | 1 328 500 |

1.3.4.1 Die aanvraag van die Kuratorium is verminder met R124 000-00. Vir instandhouding van geboue, terrein en meubels is net begroot vir salarisse van skoonmakers en instandhoudingspersoneel. Daar word, net soos by die BRKA, ook nie begroot vir inflasie-aanpassings ten opsigte van die salarisse van teologiese dosente en administratiewe personeel nie. Die aanvraag ten opsigte van die Willie Lubbe Studiefonds is verminder met R30 000-00.

1.3.4.2 **Uitbetaling van langverlof aan teologiese dosente**

In 'n skrywe van die Rektor van die Teologiese Skool gedateer 25 Mei 1999 word die FK gevra om te begroot vir die uitbetaling van opgehoopte langverlof aan teologiese dosente ten bedrae van R110 166-94. Die skrywe is Bylae FK 1 aan die einde van hierdie verslag.

Vir die 2000 begroting het die Kuratorium R30 000-00 aangevra met die bedoeling dat vir die uitbetaling van die opgehoopte langverlof jaarliks R30 000-00 begroot word vir vier jaar en daarna wat nodig is vir elke derde jaar.

Daar is nie vir die uitbetaling van langverlof begroot nie.

**AANBEVELING**

**1.3.4.3 Die sinode formuleer die beleid ten opsigte van die neem en/of uitbetaling van langverlof aan teologiese dosente.**

**Motivering**

Dit val nie binne die lasgewing van die FK om beleid te formuleer nie en om dié rede kan die FK nie begroot vir die uitbetaling van langverlof nie.

## 1.3.5 Publikasiekommissie: begroting 2000

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK** 4-Aug-99

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**PUBLIKASIEKOMMISSIE: BEGROTING 2000**

**1. PUBLIKASIES**

| | BEGROTING 1997 R | WERKLIK 1997 R | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK TOT 30/06/1999 R | AANVRAAG 2000 R | BEGROTING 2000 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INKOMSTE | 578 000 | 717 893 | 670 000 | 596 463 | 710 000 | 237 485 | 685 000 | 685 000 |
| Verkope: Publikasies | 570 000 | 706 818 | 655 000 | 588 163 | 700 000 | 231 435 | 680 000 | 680 000 |
| Advertensies. Publikasies | 8 000 | 11 075 | 15 000 | 8 300 | 10 000 | 6 050 | 5 000 | 5 000 |
| UITGAWES | 669 720 | 856 443 | 677 650 | 742 966 | 682 650 | 311 549 | 883 200 | 884 200 |
| Kosprys van verkope; Publikasies | 218 000 | 467 774 | 200 000 | 375 929 | 200 000 | 122 792 | 408 000 | 408 000 |
| Advertensies | 500 | | 500 | | 500 | | 5 000 | 5 000 |
| Beoordeling - boeke | 2 000 | 1 871 | 2 000 | 158 | 9 000 | 108 | 5 000 | 5 000 |
| Instandhouding: meubels & toerusting | 2 000 | 1 000 | 6 000 | | 6 000 | | | |
| Kommissie op boekverkope | | | | | 9 000 | | 25 000 | 25 000 |
| Korting toegestaan | | 682 | | | | | | |
| Ledegeld | | 50 | | | | | | |
| Pligewerings | 44 610 | 31 194 | 40 000 | 8 258 | 40 000 | 8 804 | 40 000 | 40 000 |
| Posgeld en verpakking - Publikasies | 20 000 | 15 930 | 38 000 | 19 316 | 30 000 | 7 914 | 18 000 | 18 000 |
| Promosies | 4 200 | 1 714 | 5 000 | | 5 000 | | 5 000 | 5 000 |
| Regskoste | 2 300 | | 3 000 | | 3 000 | | | |
| Reiskoste: Publikasies - adm. | 8 000 | 2 198 | 5 000 | 60 | 2 000 | | 2 000 | 2 000 |
| Reiskoste: vergaderings - publikasies | 12 510 | 19 042 | 18 000 | 11 331 | 18 000 | 6 110 | 15 000 | 16 000 |
| Salarisse | 321 000 | 287 706 | 316 000 | 296 713 | 319 000 | 149 629 | 324 000 | 324 000 |
| Skryfbehoeftes | 10 000 | 7 297 | 18 000 | 11 554 | 10 000 | 3 458 | 10 000 | 10 000 |
| Tantieme | 11 000 | 12 161 | 15 000 | 10 977 | 20 000 | 9 137 | 15 000 | 15 000 |
| Telefoon | 11 000 | 7 824 | 10 000 | 8 670 | 10 000 | 3 597 | 10 000 | 10 000 |
| Verversings | 2 600 | | 1 150 | | 1 150 | | 1 200 | 1 200 |
| NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK | (91 720) | (138 550) | (7 650) | (146 503) | 27 350 | (74 064) | (198 200) | (199 200) |

**2. BOODSKAPPER**

| | BEGROTING 1997 R | WERKLIK 1997 R | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK TOT 30/06/1999 R | AANVRAAG 2000 R | BEGROTING 2000 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INKOMSTE | 222 000 | 244 514 | 195 000 | 304 542 | 230 000 | 175 387 | 330 000 | 330 000 |
| Verkope: Boodskapper | 200 000 | 223 457 | 170 000 | 278 099 | 200 000 | 154 187 | 300 000 | 300 000 |
| Advertensies: Boodskapper | 22 000 | 21 057 | 25 000 | 26 443 | 30 000 | 21 200 | 30 000 | 30 000 |
| UITGAWES | 597 800 | 547 201 | 647 350 | 520 892 | 657 350 | 287 946 | 665 350 | 666 350 |
| Drukkoste: Boodskapper | 322 000 | 286 769 | 330 000 | 241 250 | 306 000 | 139 924 | 300 000 | 300 000 |
| Intekengeld | 300 | 302 | 350 | 251 | 350 | 25 | 350 | 350 |
| Medewerkers | | 12 362 | 15 000 | 10 748 | 15 000 | 5 374 | 12 000 | 12 000 |
| Posgeld en verpakking - Boodskapper | 39 000 | 29 409 | 45 000 | 37 927 | 45 000 | 15 403 | 37 000 | 37 000 |
| Reiskoste: Boodskapper | 10 000 | 12 067 | 9 000 | 8 518 | 10 000 | 3 750 | 12 000 | 13 000 |
| Salarisse | 222 000 | 176 667 | 244 000 | 212 918 | 276 000 | 121 408 | 298 000 | 298 000 |
| Tydelike hulp | 4 500 | 29 625 | 4 000 | 9 280 | 5 000 | 2 062 | 6 000 | 6 000 |
| NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK | (375 800) | (302 687) | (452 350) | (216 350) | (427 350) | (112 559) | (335 350) | (336 350) |
| TOTALE INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK | (467 520) | (441 237) | (460 000) | (362 853) | (400 000) | (186 623) | (533 550) | (535 550) |

1.3.5.1 Afsonderlike begrotings is opgestel vir publikasies en *Die Boodskapper.*

1.3.5.2 Die beraamde inkomstestaat van *Die Boodskapper* vir 2000 toon 'n tekort van R336 350-00 en is daarvoor begroot. Die FK oordeel dat die begroting slegs gebruik kan word vir die subsidiëring van *Die Boodskapper.*

1.3.5.3 Die FK versoek gemeentes om te kontroleer of hulle al *Die Boodskappers* wat aan hulle versend word, benut. Die oplaag van *Die Boodskapper* moet nie meer wees as wat werklik benut word nie, sodat drukkostes bespaar kan word.

1.3.5.4 'n Groot probleem vir die FK is die tekort van R198 200-00 op die publikasies. Die FK oordeel dat die publikasies nie gesubsidieer moet word nie.

1.3.5.5 'n Rede vir die tekort van R160 550-00 op die totale uitgawe-begroting vir 2000 is omdat die FK nie die aanvraag van die Publikasiekommissie kan verminder nie sonder dat sekere dienste gestaak word nie. Die totale subsidiëring van afdeling Publikasies vir 2000 is R535 550-00.

**AANBEVELING**

**1.3.5.6 Die sinode besluit oor die inkorting van die afdeling Publikasies sodat die groot subsidiëring uit die sinodale begroting verminder kan word.**

## 1.3.6 SKK: Begroting 2000

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 4-Aug-99
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SKK: BEGROTING 2000

| | BEGROTING 1997 R | WERKLIK 1997 R | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK TOT 30/06/99 R | AANVRAAG 2000 R | BEGROTING 2000 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SINODE-UITGAWES | 40 000 | 45 259 | 50 000 | - | 50 000 | - | 50 000 | 50 000 |
| BEDIENINGSFONDS | 600 000 | 1 143 375 | 800 000 | 1 107 777 | 900 000 | 405 704 | 1 000 000 | 750 000 |
| 10-JARIGE FEESVIERING | 30 000 | 11 816 | - | - | - | - | - | - |
| REISKOSTE:VERGADERINGS | 20 000 | 21 790 | 20 000 | 22 413 | 20 000 | 8 375 | 20 000 | 22 000 |
| ANDER KOMMISSIEWERK | 10 000 | 5 315 | 10 000 | 6 366 | 5 000 | 1 913 | 5 000 | 5 000 |
| SUB-TOTAAL | 700 000 | 1 227 555 | 880 000 | 1 136 556 | 975 000 | 415 992 | 1 075 000 | 827 000 |
| STUDIEFONDS - LERAARS | 50 000 | 86 950 | 50 000 | 42 923 | - | 23 442 | 50 000 | 50 000 |
| TOTAAL | 750 000 | 1 314 505 | 930 000 | 1 179 479 | 975 000 | 439 434 | 1 125 000 | 877 000 |

1.3.6.1 Die FK het die aanvraag van R1 000 000-00 deur die SKK vir bedieningshulp noukeurig nagegaan en dit verminder tot R750 000-00. Die begroting kan slegs dra wat uit gemeentes bygedra word.

1.3.6.2 Die FK oordeel dat toekennings uit die bedieningsfonds gesnoei moet word. Gemeentes wat hulp kry moet verstaan dat hulp op 'n tydelike basis verleen word en dat hulle moet beplan om so gou moontlik finansieel onafhanklik van die bedieningsfonds te word.

1.3.6.3 Die direkteur van kerkadministrasie en sy sekretaresse se werkstyd word hoofsaaklik aan SKK-sake bestee. Daarom oordeel die FK dat die vergoeding van die Direkteur en sy sekretaresse in totaal of grootliks in die begroting van die SKK getoon moet word en nie in die begroting van die BRKA soos dit tans die geval is nie.

1.3.6.4 Die FK kon nog nie, soos deur sy lasgewing vereis, die detail besteding deur die SKK vanaf Januarie 1998 tot op datum nagaan nie. Die detail-uitgawes wat herhaaldelik aangevra is, is nog nie ontvang nie.

**AANBEVELINGS**

**1.3.6.5 Die sinode/RKA besluit dat die vergoeding van die Direkteur en sy sekretaresse in die begroting van die SKK getoon moet word en nie in die begroting van die BRKA nie soos tans die geval is.**

**1.3.6.6 Die sinode/RKA besluit dat die SKK tydens elke vergadering van die FK sy uitgawes en besteding uit die bedieningsfonds, sedert die vorige vergadering van die FK, in detail aan die FK-vergadering voorlê vir kontrolering.**

1.3.7 **Samevatting**

1.3.7.1 **Inkomste**

1.3.7.1.1 Volgens 'n verslag van die rekenmeester is teen 28 Julie 1999 R2 114 124-00 15%-bydraes van gemeentes ontvang vir die tydperk 1 Januarie 1999 tot 30 Junie 1999. Dit is R285 876-00 minder as die begrote inkomste vir die betrokke ses maande.

1.3.7.1.2 Die persentasie van bydraes uit gemeentes vir 2000 kan gevolglik nie verminder word nie en sal 15% moet bly.

1.3.7.2 **Uitgawes**

1.3.7.2.1 Die aanvrae van kommissies vir 2000 is deur die FK verminder van R5 774 350-00 na R4 960 550-00 wat nog 'n tekort op die begroting laat van R160 550-00.

## AANBEVELINGS

**1.3.7.2.2 Die sinode/RKA besluit om R4 800 000-00 te begroot vir ontvangste uit gemeentes in 2000.**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

4-Aug-99

TOTALE UITGAWEBEGROTING VIR 2000

| | BEGROTING 1997 | WERKLIK 1997 | BEGROTING 1998 | WERKLIK 1998 | BEGROTING 1999 | WERKLIK TOT 30/06/1999 | AANVRAAG 2000 | BEGROTING 2000 | % GESNY |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | | R | R | |
| Ad hoc-Hersieningskommissie | 18 000 | 11 176 | 6 000 | - | - | - | - | - | |
| Argief | 44 500 | 47 878 | 50 000 | 50 600 | 55 300 | 27 599 | 72 800 | 64 000 | 12.1 |
| Barmhartigheidsdiens | 10 400 | - | - | - | - | - | - | - | |
| BRKA | 1 854 000 | 1 957 200 | 2 069 000 | 2 021 502 | 2 012 000 | 936 385 | 2 449 500 | 2 047 500 | 16.4 |
| Bybelverklaring | 8 600 | 10 943 | - | - | - | - | - | - | |
| Finansies | 17 000 | 14 456 | 12 000 | 8 697 | 12 000 | 4 576 | 12 000 | 13 000 | ( 8.3) |
| Formuliere en Liturgie | 14 600 | 11 181 | 10 000 | 12 008 | 10 000 | 6 877 | 10 000 | 11 000 | ( 10.0) |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 4 300 | 4 934 | 4 000 | - | 2 000 | - | 2 000 | 2 000 | |
| Kerkregtelike Sake | 30 000 | 38 274 | 30 000 | 25 537 | 30 000 | 12 396 | 30 000 | 32 000 | ( 6.7) |
| Kerksang en -musiek | 25 800 | 28 630 | 18 000 | 18 299 | 18 000 | 4 801 | 18 000 | 11 000 | 38.9 |
| Kuratorium | 1 226 700 | 1 282 677 | 1 302 400 | 1 276 215 | 1 390 400 | 569 970 | 1 452 500 | 1 328 500 | 8.5 |
| Publikasies | 242 500 | 441 237 | 374 450 | 362 799 | 400 000 | 106 092 | 533 550 | 535 550 | ( 0.4) |
| SKK | 750 000 | 1 314 505 | 930 000 | 1 179 479 | 975 000 | 439 434 | 1 125 000 | 877 000 | 22.0 |
| Verbondsonderrig en Opvoeding | 25 800 | 22 259 | 22 500 | 16 360 | 30 000 | 10 208 | 44 000 | 39 000 | 11.4 |
| | 4 272 200 | 5 185 350 | 4 828 350 | 4 971 496 | 4 934 700 | 2 118 338 | 5 749 350 | 4 960 550 | 13.7 |
| KAPITAALITEMS | 180 000 | | 30 000 | | 20 000 | | 25 000 | | 100.0 |
| | 4 452 200 | 5 185 350 | 4 858 350 | 4 971 496 | 4 954 700 | 2 118 338 | 5 774 350 | 4 960 550 | 14.1 |
| SURPLUS/(TEKORT) | ( 252 200) | ( 237 712) | ( 258 350) | 201 058 | ( 154 700) | 247 565 | ( 974 350) | ( 160 550) | |
| INKOMSTE | 4 200 000 | 4 947 638 | 4 600 000 | 5 172 554 | 4 800 000 | 2 365 903 | 4 800 000 | 4 800 000 | |

**1.3.7.2.4 Die sinode/RKA gee opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die goedkeuring van die FK nie.**

## AFDELING B

### 1. ADDISIONELE SAKE

Die volgende verdere sake moet ook voor die sinode gelê word:

**1.1 Tarief vir reiskoste**

1.1.1 Die reiskoste per km is tans R1-30.

1.1.2 Die FK het die tabelle van die AA geraadpleeg. Die berekening vir reiskoste word gegrond op 'n voertuig van 1800cc en 30 000 km gereis per jaar. As die motor R60 000-00 gekos het, is die reiskoste per km R1-37 (vaste koste per km R0-86 en lopende koste per km R0-51). As die motor R70 000-00 gekos het, is die reiskoste per km R1-58 (vaste koste per km R1-08 en lopende koste per km R0-51).

**AANBEVELING**

**1.1.3 Die sinode/RKA besluit dat die tarief vir reiskoste vasgestel word op R1-40 per km vanaf 1 Oktober 1999.**

**1.2 Herstelwerk aan die Brookshuiseiendomme, Teologiese Skool en Jeugtuiste**

Die verslag van die argitekte Maree Els en Vennote en die bourekenaars B & L - Pretoria (Bylae BRKA 5) wys op die noodsaaklike opknapping en onderhoud aan die bogenoemde eiendomme. Die beraamde koste om al die buitemure te herstel en te verf, die dakke te herstel en moontlik van die dakhoute te vervang, die houtvensters te herstel en met byvoeging van BTW en professionele gelde kan R300 000-00 bedra.

Met die groot tekort op die begroting is dit nie moontlik om vir dié noodsaaklike herstelwerk te begroot nie. Die FK oordeel dat R300 000-00 uit die reserwefonds geneem word vir die herstelwerk.

AANBEVELING

**1.2.1 Die sinode/RKA besluit dat R300 000-00 uit die reserwefonds geneem word vir die noodsaaklike herstelwerk aan die Brookshuiseiendomme, Teologiese Skool en Jeugtuiste.**

1.3 **Aanvulling van reserwefonds**

Volgens 'n besluit van die 1988 sinode word 'n reserwefonds geskep waarin elke jaar 'n bedrag gelykstaande aan een maand se bydrae van gemeentes gestort word, sodat binne 12 jaar op die basis gewerk word dat die fondse vir 'n bepaalde jaar se uitgawes kom uit die inkomste van die vorige jaar. Sou daar aan die einde van die boekjaar 'n oorskot in die fondse wees, word dit in die reserwefonds gestort, sodat die doelwit gouer bereik kan word.

In 'n skrywe van die BRKA word die FK versoek om te begroot vir die reserwefonds ter uitvoering van die besluit van die sinode van 1988. Dit is nie vir die FK moontlik om vir die reserwefonds te begroot nie, omdat daar nie voldoende inkomste is nie.

AANBEVELING

**1.3.1 Die sinode/RKA besluit dat enige oorskotfondse, volgens die geouditeerde finansiële jaarstate, na die reserwefonds oorgedra word.**

1.4 **APK Trustfonds**

Op versoek van die BRKA het oudl. BJM Rossouw ondersoek ingestel na die stand van die APK Trustfonds en die volgende memorandum aan die FK voorgelê:

Die BRKA het versoek dat 'n memorandum opgestel word om die stand van die trustfonds te meet aan die behoefte en is die volgende inligting verkry:

1.4.1 **Huidige stand**

Huidiglik is daar reeds meer as R500 000-00 fondse opgebou en word daar ongeveer R7 000-00 per maand belê wat uit gemeentes ontvang word.

1.4.2 **Wie kwalifiseer**

Die volgende leraars kwalifiseer vir hierdie addisionele pensioenvoordeel volgens vorige sinode besluit:

MC Adendorff; JP Bezuidenhout; A Boshoff; WA Burger; JA du Plessis; IP du Preez; JAC Erasmus; LH Jacobs; GG le Roux; JD Maloney; LD Pienaar; RJH Pottas; NJ Rautenbach; HCG Robbertze; L Skein; HJ Smith; HC van der Merwe; AS van Jaarsveld; AJ van Niekerk, CJJ van Rensburg en JJ Venter.

**Leraars wat reeds hulp ontvang:**

OD Scheuer; HS Theron en JA Visser.

1.4.3 **Huidige stand van die fonds**

Die huidige kapitaal is reeds meer as R500 000-00 plus R7 000-00 wat elke maand belê word.

1.4.4 **Toekoms behoeftes**

Sanlam is gevra om aan te dui wat werklik benodig word om:

1. **'n Minimum pensioen van 40% van traktement (salaris) te voorsien**

   Vir die dienstermyne wat die leraars reeds het, word R1 187 000-00 kapitaal nou benodig plus 1,5% van **totale salarisse** vir die dienstyd wat nog nie verstreke is nie.

2. **'n Minimum pensioen van 50% van traktement (salaris) te voorsien**

   Vir die dienstermyne wat die leraars reeds het, word R1 951 000-00 kapitaal nou benodig, plus 2,6% van **totale salarisse** vir die dienstyd wat nog nie verstreke is nie.

3. Die huidige kapitaal van meer as R500 000-00 en R7 000-00 per maand skiet dus ver tekort.

AANBEVELINGS

**1.4.5 Sou ons werklik hierdie leraars help en enigsins 'n redelike sekerheid vir hulle gee, word aanbeveel dat in die huidige ekonomiese klimaat na die 40% opsie gekyk word.**

**1.4.6 Die totale huidige trustfondskapitaal polisbeleggings en die R7 000-00 per maand word aan die administrateurs van die pensioenfonds oorgedra om te administreer.**

**1.4.7 Dat in die lig van die gebrek aan inkomste, eerder die verhoogde kapitaal ná Sanlam se demutualisering aangewend word vir hierdie ekstra kapitaal.**

**1.4.8 Die sinode besluit om aan die FK op te dra om voort te gaan met die implementering van pt. 1.4.5 of so naby aan 40% as moontlik, 1.4.6 en 1.4.7 en aan die volgende sinode volledige verslag te doen.**

**Motivering**

Opdrag aan die FK word gevra omrede Sanlam se waarderingsverslag en die totale bedrag kapitaal ontvang uit demutualisering nog nie beskikbaar is nie en om nog 2 jaar vir implementering te wag, kan hierdie groepie leraars negatief raak.

**AANBEVELINGS VAN DIE FK**

**1.4.9 Die sinode/RKA besluit om aan die FK op te dra om die volgende te implementeer:**

**1.4.9.1 Die totale huidige trustfondskapitaal polisbeleggings en die R7 000-00 per maand belegging, asook beskikbare kapitaal na Sanlam se demutualisering, aan die administrateurs van die pensioenfonds oor te dra om te administreer.**

**1.4.9.2 'n Pensioen van nie meer as 40% van traktement (salaris) of so naby aan 40% as die beskikbare kapitaal dit moontlik maak, te voorsien en aan die volgende sinode volledig verslag te doen.**

**1.4.9.3 Die addisionele pensioen uit die APK Trustfonds word net voorsien vir leraars wat daarvoor kwalifiseer volgens vorige sinodebesluite.**

1.5 **Pensioenfonds laat ondersoek**

Die FK oordeel dat die pensioenfonds deeglik deur 'n kundige makelaar ondersoek moet word en aanbevelings maak wat insluit die befondsing en administrasie daarvan.

**AANBEVELING**

**1.5.1 Die sinode/RKA dra dit aan die FK op om die pensioenfonds van die AP kerk deur 'n kundige makelaar te laat ondersoek en na bevinding nuwe administrateurs aan te stel.**

1.6 **Uitfasering van hulp aan afgetredenes met bydraes tot mediese skema**

Die finansiële jaarstate toon dat die inkomste uit 15%-bydraes deur gemeentes sedert 1997 begin stabiliseer.

In die 1998 finansiële jaar is hulp ten bedrae van R103 771-00 aan afgetredenes ten opsigte van mediese fondsbydraes verleen teenoor R59 472-00 in die 1997 finansiële jaar. As gevolg van die toenemende aantal predikante wat emeriteer en die stygende mediese koste, sal die drastiese styging in die hulp na verwagting voortduur.

Hierdie negatiewe tendense bring mee dat daar nie langer sinodaal begroot kan word vir die drastiese styging in hulp aan afgetredenes met bydraes tot die mediese skema nie. (Kyk Sakelys bl. 67, pt. 5).

**AANBEVELING**

**1.6.1 Die sinode/RKA besluit dat aan die FK opgedra word om aandag te gee aan die hulp aan afgetredenes met bydraes tot die mediese skema en die toekomstige uitfasering daarvan.**

1.7 **15%-Bydraes**

Die FK bring die volgende probleme wat deur afdeling Finansies ondervind word met die invordering van 15%-bydraes, onder die aandag van die sinode/RKA:

**1.7.1 Gemeentes wat ander bedrae as 15% van kontantontvangste betaal**

| | |
|---|---|
| Carletonville: | betaal R9-45 per lidmaat |
| Derby: | betaal net 10% van kontantontvangste |
| Randfontein: | betaal R9-45 per lidmaat. |

**1.7.2 Die kerkrade van die volgende gemeentes het besluit om nie 15%-bydraes te betaal nie:**

Koffiefontein
Witbank
Zululand.

**1.7.3 Geen F1-vorms is van die volgende gemeentes ontvang vir die tydperke aangedui nie:**

| | |
|---|---|
| Boksburg: | Sedert Julie 1997 is slegs F1-vorms vir Januarie-September 1998 ontvang. |
| Carnarvon: | F1-vorms is sedert Desember 1998 uitstaande. |
| Dundee-Glencoe: | F1-vorms is sedert Februarie 1999 uitstaande. |
| Germiston: | F1-vorms is vir die tydperke Oktober-Desember 1997 en April 1998-Mei 1999 uitstaande. |
| Groot Marico: | Sedert Maart 1999 is F1-vorms uitstaande. |
| Hoedspruit: | Slegs een F1-vorm is vir die tydperk April-Desember 1998 ontvang. Vir 1999 is geen F1-vorms ontvang nie. |
| Hugenotevallei: | Sedert November 1997 is geen F1-vorms ontvang nie. |
| Koedoesrand: | Sedert 1996 is geen F1-vorms ontvang nie. |
| Koppies: | Sedert Maart 1999 is geen F1-vorms ontvang nie. |

| | |
|---|---|
| Krugersdorp: | Sedert Julie 1998 is geen F1-vorms ontvang nie. |
| Kuruman: | F1-vorms is ontvang tot November 1997, daarna geen. |
| Lindley: | F1-vorms is ontvang tot Desember 1996, behalwe vir Februarie 1994, Junie en Julie 1995, daarna geen. |
| Louwna: | F1-vorms is ontvang tot November 1998, daarna geen. |
| Piketberg: | F1-vorms is ontvang tot November 1998, daarna geen. |
| Pongola: | F1-vorms is ontvang tot November 1998, asook vir Januarie 1999, daarna geen. |
| Sandveld: | F1-vorms is ontvang tot Oktober 1998, daarna geen. |
| Suidkus: | F1-vorms is ontvang tot Maart 1998, daarna geen. |
| Theunissen: | F1-vorms is ontvang tot Junie 1998, daarna geen. |
| Utrecht: | F1-vorms is ontvang tot Maart 1999, daarna geen. |
| Virginia: | F1-vorms is ontvang tot Julie 1994, daarna geen. |

1.7.4 **Van die volgende gemeentes is F1-vorms ontvang, maar geen ontleding van kontantontvangstes word aangedui nie, sodat die 15%-bydraes gekontroleer kan word nie:**

Carletonville
Derby
Diamantstreek
Randfontein
Tzaneen.

**AANBEVELING**

**1.7.5 Die sinode/RKA spreek hom uit oor die gemeentes wat:**

- ander bedrae betaal as 15% van kontantontvangste;
- besluit het om nie 15%-bydraes te betaal nie.
- Geen F1-vorms indien nie;
- Wel F1-vorms indien, maar geen ontleding van kontantontvangste maak nie;
- voortdurend vra vir afskrywing van 15%-bydraes.

1.8 **15%-Bydraes afgeskryf ingevolge sinode/RKA – besluit**

Die volgende gemeentes het voldoen aan die voorwaardes vir die afskrywing van 50% van die uitstaande 15%-bydraes wat voor 31 Desember 1995 verskuldig was:

| **Gemeente** | **Bedrag afgeskryf R** | **Bedrag betaal R** | **Bedrag uitstaande R** |
|---|---|---|---|
| Algoa | 2 300 | 1 900 | 400 |
| Boksburg | 37 109 | | 37 109 |
| Brits | 1 917 | 2 783 | 11 134 |
| Fochville | 11 879 | 3 700 | 8 179 |
| Jagersfontein/Fauresmith | 509 | 509 | |
| Parys | 28 894 | 28 894 | |
| Standerton | 15 677 | 10 466 | in volle vereffening |
| Welkom | 8 993 | 750 | 8 243 |
| Windhoek | 6 100 | 6 100 | |
| | 125 378 | 55 102 | 65 065 |

# Afrikaanse Protestantse Kerk

Direkteur:
Ds. MC Adendorff

* Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie vir aandag van:

PROF. FAH VAN STADEN

Die Skriba
Sinodale Finansiële Kommissie
Posbus 4027
PIETERSBURG
0700

25 Mei 1999

Geagte ds. Buitendag

**LANGVERLOF VAN DIE TEOLOGIESE DOSENTE**

Die vyf dosente aan die Teologiese Skool is net soos elke predikant in die Afrikaanse Protestantse kerkverband geregtig op langverlof volgens bep. 14FI.3 van die Kerkorde uitgawe 1998.

Die onderrigomstandighede aan die Teologiese Skool en die gebrek aan plaasvervangers, wat in elk geval vergoed sou moes word, het meegebring dat die Kuratorium verlof moes gee dat langverlof kon ophoop. Tot Julie 1996, toe prof. Brink die Diakoniologiese departement oorgeneem het, moes die ander vier dosente die sewe en dertig teologiese vakke aanbied, wat 'n groot belading was. Dit sou vir enige plaasvervanger feitlik 'n onmoontlike taak gewees het om vir 'n kort tyd soveel vakke, as wat elke dosent moes behartig, onder die knie te kry. Buitendien het drie dosente, te wete proff. Robbertze, Marè en Theron elk 'n kwartaal studieverlof ontvang vir die voltooiing van hulle doktorsgrade. Omdat daar geen plaasvervangers was nie, moes hulle ná daardie kwartaal dubbelperiodes werk om die agterstallige werk in te haal. En nou sedert Februarie 1998 met die invoering van die BA-admissie het die voorbereiding en klasaanbieding toegeneem. Daar sal geen sin daarin wees as langverlof geneem sou word en daar dan daarna dubbelperiodes aangebied moet word om die werk weer in te haal nie.

Die Kuratorium het gevolglik besluit om die Finansiële Kommissie te vra om vir die Kuratorium te begroot sodat die opgehoopte langverlof aan die dosente uitbetaal kan word. Dit sal ook beteken dat vir die toekoms begroot sal word vir verdere eventuele langverlof.

Die Kuratorium besef terdeë dat hoe langer langverlof ophoop, hoe groter word die bedrag verskuldig en hoe moeiliker die begroting vir groter bedrae word. Daarom wil die Kuratorium graag die saak so spoedig doenlik in die reine bring.

Sentrale Kerkkantoor
Brooksstraat 109, Brooklyn
Tel: (012) 43-4461/2/3/4/6
Faks: (012) 342-3946

Teologiese Skool
Farendenstraat 430, Sunnyside
Tel: (012) 344-3960/1/3
Faks: (012) 344-5480

Posbus 11488, Hatfield, 0028

2

Volgens bep. 14F1.3 word langverlof bereken teen 10 dae per jaar. Daarvolgens is die opgehoopte langverlof tot 31 Desember 1998 soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | prof. HS Theron | 1989-1998 d.w.s. 10 jaar x 10 dae = 100 dae | 28991-77 |
| | prof. HCG Robbertze | 1989-1998 d.w.s. 10 jaar x 10 dae = 100 dae | 51 14785-80 |
| 99644-17 | ~~prof. FAH van Staden~~ | ~~1989-1998 d.w.s. 10 jaar x 10 dae = 100 dae~~ | -32759-92 |
| | prof. R Marè | 1990-1998 d.w.s. 9 jaar x 10 dae = 90 dae | 26092-59 |
| 8818-53 | prof. IA Brink pro rata | 1996-1998 d.w.s. 2.7 jaar x 10 dae = 26 dae | 7537-86 |

Prof. Brink kwalifiseer eers na drie jaar diens. Prof. Robbertze het nou gedurende Mei-Junie 1999 teen wil en dank as 'n absulute saak van onvermydelikheid vir hom, 49 van die 100 dae as langverlof geneem. Dit het gepaard gegaan met allerlei reëlings van ekstra periodes, vervroegde Junie-eksamens ens. wat vir hom en die studente ontwrigting gebring het en nie minder vir die rektor se program, klasrooster ens. nie.

Die Kuratorium verneem dan graag van die Finansiële Kommissie wanneer die bogemelde opgehoopte langverlof uitbetaalbaar sal wees en hoedanig u voorstel dat vir die toekoms daarvoor begroot moet word.

Bly voorbaat baie dankie.

Met vriendelike groete

PROF. FAH VAN STADEN
SKRIBA KURATORIUM EN REKTOR

SKRIBASFK/FVS/tv

HST. 8474-72
HCGR. 4322-11
FAH. 9575-92
RM. 7627-25
R30000-00

77408-02
32758-92
110166-94
7537-86
102629-08
30000-00
72629-08

Begroot R30000/jr vir 4 jaar en daarna slegs wat nodig is vir elke 3e jaar

# AANVULLENDE VERSLAG: BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

## 1. PERSONEELAANGELEENTHEDE VOORTVLOEIEND UIT DIE VERSLAG VAN FOURIE EN VAN WYK ASSOSIATE

### 1.1 Besluit van agtste sinode/RKA

Tydens die agtste sinode het die RKA besluit dat die aanbevelings onder punt 2.2.2.2 en 2.2.2.3 van die BRKA-verslag na die BRKA terugverwys word met inagneming van die bespreking wat tydens die RKA se sitting gevoer is. (Handelinge 1997, bl. 280, pt. 22.2.1).

**Die volgende was aanbeveel:**

Pt. 22.2.2 Die pos van administrateur word op die diensstaat van die Sentrale Kerkkantoor herstruktureer om onder meer die funksies te behartig wat deur Fourie en Van Wyk Assosiate aan die pos van adjunk direkteur toegedeel is.

Pt. 22.2.3 Die huidige administrateur word in beheer van afdeling Finansies geplaas met posbenaming van finansiële bestuurder.

### 1.2 Werkverligting vir die direkteur

Op 20 November 1997 het die BRKA 'n ad hoc-kommissie saamgestel, bestaande uit twee lede van elk van die SKK, die BRKA en die FK om die verdeling van die werklading van die direkteur deeglik te ondersoek met inagneming van die pligstate en moontlike aanpassings daarvan van die administrateur en ander bestaande personeel.

Soos aanbeveel deur die ad hoc-kommissie is prof. IA Brink vanaf 15 April 1998 aangestel in 'n tydelike en deeltydse hoedanigheid as assistent vir die direkteur tot 31 Desember 1998. Prof. Brink het hom uitsluitlik besig gehou met SKK-werk soos skakelwerk, bedieningshulp aan gemeentes en werk van die ad hoc-kommissie vir advies en leiding. As gevolg van die groot tekort op die sinodale begroting is daar nie begroot vir die assistent van die direkteur vir 1999 nie.

## 1.3 Werksverligting vir die direkteur verder ondersoek

Die BRKA het tydens sy vergadering op 4 Junie 1998 die direkteur, die administrateur en die assistent vir die direkteur versoek om elk 'n onafhanklike verslag op te stel oor die funksionering van die drie poste oor die tydperk 1 Mei tot 30 September 1998.

Die onafhanklike verslae van die direkteur, die administrateur en die assistent vir die direkteur is op 8 April 1999 deur die BRKA in behandeling geneem. Om uitvoering te gee aan die besluit van die sinode/RKA om die werklading van die direkteur te verlig, word **besluit** om die volgende by die sinode/RKA aan te beveel (BRKA-notule 8 April 1999 pt. 10.1.3):

1. Die direkteur se pligstaat word afgeskaal en alle administratiewe pligte word oorgedra aan die administrateur.

2. Die administrateur ontvang sy opdragte van die BRKA en rapporteer direk aan die BRKA.

3. Die direkteur ontvang sy opdragte van die SKK en rapporteer direk aan die SKK.

4. Die direkteur word nie verder belas met die administrasie van die kerkkantoor nie en woon slegs vergaderings van die BRKA by op versoek.

5. Die SKK begroot vir die vergoeding van die direkteur en sy sekretaresse.

6. Die direkteur en administrateur moet elk 'n onafhanklike memorandum opstel waarin die toekomstige pligstate van die direkteur en administrateur uiteengesit word. Daar moet 'n volledige skeiding tussen die twee poste wees.

## 1.4 Delegering van magte en pligte

Die BRKA het op 29 Julie 1999 die poste van direkteur en administrateur bespreek met inagneming van die memoranda oor pligstate van die direkteur en administrateur.

*(Die memorandum van die direkteur is bylae BRKA 1 en die memorandum van die administrateur is bylae BRKA 2 aan die einde van die verslag.)*

1.5 **Uiteindelik *besluit* die BRKA:**

In die lig van die behoefte aan effektiewe beheer en bestuur van ons kerk; die dringende behoefte aan werkverligting vir die direkteur; en die feit dat finansiële beperkinge verhoed dat bykomende poste in die kerkkantoor geskep kan word, besluit die BRKA dat daar optimale gebruik van die bestaande hulpbronne gemaak moet word om ons opdrag uit te voer. In die lig hiervan word die volgende beginselbesluite geneem:

1. Die bestaande organogram met die poste van direkteur en administrateur soos dit tans bestaan, word behou.

2. Die direkteur behou steeds die finale toesig en beheer oor die totale bestuur en beheer van die kerkkantoor en is aan die BRKA verantwoordelik.

3. Daar moet ten volle gebruik gemaak word van die funksie van delegering van magte en pligte op voorgeskrewe vlakke en terreine, sodat die direkteur en administrateur hulle aandag kan toespits op oorhoofse bestuur en beheer, in plaas daarvan om take te verrig wat op laer vlakke afgehandel kan word.

4. Delegasies moet skriftelik en duidelik geformuleer word en moet deur alle betrokkenes duidelik verstaan en gerespekteer word.

5. Waar delegasiehouers enigsins twyfel oor 'n saak, moet hulle hoofde geraadpleeg word. Die administrateur en direkteur behou die reg om selfs gedelegeerde besluite te hersien.

6. Topvlakbesluite sal die verantwoordelikhede van die administrateur en die direkteur wees en sal nie gedelegeer word nie.

   Na indringende ondersoeke het sekere delegasies plaasgevind waardeur die taak van die direkteur verlig is volgens opdrag van die sinode/RKA.

   'n Organogram waarop die verskillende poste aangedui word, word as Bylae BRKA 3 by hierdie verslag aangeheg.

**AANBEVELING**

**1.6 Die RKA besluit dat die volgende woordomskrywings in Bylae 3 in die Kerkordeboek opgeneem word:**

**1.6.1 KERKADMINISTRASIE: die diens wat aan die AP kerkverband gelewer word deur die administratiewe personeel onder beheer van die BRKA in die Sentrale Kerkkantoor, die Teologiese Skool en die Jeugtuiste kragtens die konstitusie van die RKA en reglement van die BRKA.**

**1.6.2 DIREKTEUR: die hoofadministratiewe en hoofuitvoerende amptenaar van die BRKA wat deur die BRKA aangestel is en wat hom toespits op kommunikatiewe administrasie, ten diens van alle sinodale kommissies.**

**1.6.3 ADMINISTRATEUR: die amptenaar deur die BRKA aangestel om die direkteur in administratiewe sake by te staan, en wat hom toespits op die kantooradministrasie.**

2. **BESKRYWINGSPUNT**

2.1 **Ring van Moot-Sentraal: Profiel en funksies van die direkteur van kerkadministrasie**

Die Sinode herbevestig sy besluite ten opsigte van die funksies van die RKA, asook die Reglement vir BRKA wat bepaal:

1. Die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se funksies is beperk tot die Sentrale Kerkkantoor en behels in hoofsaak die volgende: behartiging van administratiewe belange, eiendomsbelange, en personeelbelange. (KO. bl. 26 pt. 2)

2. Die Direkteur vir Kerkadministrasie is die hoofadministratiewe en hoofuitvoerende amptenaar van die BRKA wat deur die BRKA aangestel is. (KO. bl. 66 DIREKTEUR)

Hieruit is dit duidelik dat die direkteur in diens is van die BRKA, en dat sy funksies beperk is tot die Sentrale Kerkkantoor en die personeel, en dat enige ander funksies wat hy verrig, bv. as lid van die SKK of Kuratorium of enige ander kommissie, hy dit doen as lid van daardie kommissie en nie as Direkteur vir Kerkadministrasie nie.

**Motivering**

1. Die Direkteur vir Kerkadministrasie word by 'n groot aantal van ons lidmate in kerkverband gesien as die Hoof van die Afrikaanse Protestantse Kerk, en skakel of skryf dan direk aan die Direkteur vir Kerkadministrasie vir advies of leiding, in plaas van aan die ring. 'n Ring word dus hierdeur van sy reg, pligte en verantwoordelikhede ontneem.

2. Die Afrikaanse Protestantse Kerk kan en mag nie toelaat dat daar 'n hiërargie in ons kerk ontstaan nie. Dit is totaal in stryd met 'n Gereformeerde regeringstelsel waar Christus die enigste Hoof is.

Voorsteller: **w.g. WP Murray**

Sekondant: **w.g. JW van der Merwe**

**AANBEVELING**

**2.2 Die BRKA beveel nie aanvaarding van die beskrywingspunt oor die profiel van die direkteur aan nie.**

3. **VERDERE TOELIGTING TOT DIE HOOFVERSLAG VAN DIE SESDE BESTUUR VAN DIE RAAD VAN KERKADMINISTRASIE (SAKELYS BL 138)**

3.1 **Inleiding**

Na die BRKA-vergadering van 12 November 1998 en na verskillende beskrywingspunte by permanente sinodale kommissies die rondte gedoen het gedurende April en Mei 1999, en na die verskyning van die Sakelys vir die Negende Sinode aan kerkrade gedurende die tweede helfte van Julie 1999 het verskeie vrae, bedenkinge en onsekerheid met betrekking tot die verkoop/verruil van al die kerklike eiendomme aan die lig getree.

Daarom besluit die BRKA om in sy addendumverslag aan die sinode verdere toeligting by punt 5 tot 11 van die verslag (bl. 139-bl. 147) te verstrek met 'n gepaardgaande aanbeveling.

3.2 **Opdrag van die agtste sinode/RKA aan die BRKA en FK**

3.2.1 **Handelinge bl. 278 punt 86(8)**

Die RKA besluit dat die **verkoop** van Brookshuis deurlopend die aandag van die Eiendomskommissie en die BRKA moet geniet en dat hulle terselfdertyd ondersoek moet instel na geskikte alternatiewe huisvesting vir die administrasie wat tans in Brookshuis geves word.

3.2.2 **Handelinge bl. 279 punt 86 (21)**

Die RKA besluit om die **verkoop** van die Jeugtuiste te laat ondersoek en om indien moontlik die gebou te **verkoop**.

3.2.3 **Handelinge bl. 315 punt 205**

**Die sinode besluit dat die BRKA en FK versoek word om:**

3.2.3.1 ondersoek in te stel na die **verkoop** van **al die vaste eiendomme** in Pretoria;

3.2.3.2 ondersoek in te stel na alternatiewe huisvesting/eiendomme wat kan voldoen aan die huisvesting van die administrasie van die kerk/kuratorium en studentehuisvesting indien moontlik, op die mees ekonomiese wyse.

**Die kerngedagte met die konsolidasie van die geboue en terrein was om administratiewe koste oor die langtermyn te verminder.**

3.3 **Opdrag van die BRKA aan die Eiendomskomitee**

Die inleidende paragrawe (ongenumereerd) by punt 6 van die verslag (Sakelys bl. 139) moet belig word met **die verstaan van die opdrag van die sinode/RKA**.

Op 4 Junie 1998 het die BRKA die volgende besluit geneem (BRKA notule, 4 Junie 1998, bl. 19 punt 15.3.1-15.3.3)

Die BRKA dra dit aan die Eiendomskomitee op om in oorleg met belangstellende lede van die BRKA die **verkoop** van **Brookshuis**, die geboue van die **Teologiese Skool** en die **Jeugtuiste** deeglik te ondersoek en aanbevelings aan die **volgende vergadering van die**

**BRKA** voor te lê. Die verslag **vir finale oorweging** moet onder meer bevat:

- die voor- en nadele van konsolidasie van die eiendomme;
- 'n kosteberekening van die huidige onderhoud van veral Brookshuis;
- voorstelle vir alternatiewe huisvesting.

Die Kuratorium, teologiese dosente en die FK moet oor die sake geraadpleeg word.

Die vereistes vir 'n argief, die biblioteek en die Teologiese Skool moet besonderlik in gedagte gehou word by die vind van alternatiewe huisvesting.

3.4 **Verstaan van opdrag van sinode/RKA**

Op 4 Junie 1998 het die BRKA die besluite van die sinode/RKA (in pt. 3.2) in behandeling geneem en dit vertolk as opdrag aan die BRKA om al die eiendomme in Pretoria te verkoop. Die opdrag aan die Eiendomskomitee (EK) was gevolglik om die **verkoop** van **Brookshuis**, die **Teologiese Skool** en die **Jeugtuiste** te ondersoek.

3.5 **WERKSWYSE VAN DIE EK**

**Die werkswyse van die EK**, na die opdrag van die BRKA, het soos volg verloop:

Tydens en na die BRKA-vergadering van 4 Junie 1998 (punt 3) het die sekretaris van die EK 'n lys gemaak van lede van die BRKA wat aangedui het dat hulle belangstel om die EK se vergaderings in verband met die opdrag van die BRKA by te woon. Die EK het daarna ook verder gegaan en verteenwoordigers van al die gebruikers van die eiendomme uitgenooi om die EK-vergaderings by te woon. Nadat die lys voltooi was, het die sekretaris van die EK die lys aan die direkteur van kerkadministrasie voorgelê waarna die Direkteur nog een naam bygevoeg het.

